

PRAGTIGE NETHEKELWERK

1. BLOM-
VIERKANTE

Dekens om jou bed
en jou sak te pas!
ROOI ROSE

NETHEKELWERK is redelik maklik. Dis beslis nie van die hekelwerk wat net baie slim mense met besondere talent kan doen nie. Laat ons nou die basiese patroon verduidelik.

Nethekelwerk bestaan uit ingevulde blokkies wat motiewe vorm, en skoon blokkies (spasies) wat 'n agtergrondnet vorm. Dié werk word altyd gehekel deur diagramme wat op papier afgebeeld is, te volg. Elke vierkant wat met 'n x of enige ander teken ingevul is, stel 'n blokkie voor, en elke skoon blokkie stel 'n spatie in die netwerk voor.

Nethekelwerk word ook heen en weer in rye gehekel. 'n Diagram word dus van regs na links en daarna weer van links na regs gevolg. Wanneer die einde van 'n ry bereik word, wat ook die einde van 'n ry op die diagram is, moet die werk gewoonweg omgedraai word en dan hekel jy die volgende ry

van die diagram in die teenoorgestelde rigting. By die derde ry word die diagram weer van regs na links gevolg. Gaan dan op dié manier voort.

Elke blokkie is drie steke in die breedte en een ry in die lengte. Hekel aanvanklik dus 'n ketting wat drie maal soveel steke bevat as wat daar blokkies benodig word plus drie kettingsteke om mee te draai — dit word gewoonlik nie in diagramme aangedui nie.

'n Skoon blokkie ('n spatie) word só gehekel: Begin met 1 lb; * 2 ks, slaan 2 ste van vorige ry oor, 1 lb om spatie te sluit *. Tel dus 'n spatie altyd as * 2 ks, 1 lb*.

In die daaropvolgende rye word die lb altyd op die lb van die vorige rye gehekel om die netwerk te vorm.

'n Ingevulde blokkie ('n blokkie) word met 3 lb gehekel: Begin met 1 lb op lb van vorige ry: * 2 lb in 2 ks-sps van vorige ry, 1 lb op lb, wat die blokkie afrond. * Vir 'n blokkie

□ — spatie

[X] — blokkie

word dus 3 lb getel.


Dit is belangrik om altyd in gedagte te hou dat eenhede van 3 lb die basis van nethekelwerk vorm, met een begin-lb. Daarom bestaan 2 blokkies wat langs mekaar lê, uit 7 lb — 1 om mee te begin, 3 vir die eerste blokkie, 3 vir tweede blokkie ensovoort. Die blokkies is dus 1+3+3+3 ensovoort.

Wanneer met die netwerk begin word en die eerste vierkantjie 'n ingevulde blokkie is, moet 3 ks meer as die vereiste getal vir die basisry gehekel word. In die eerste ry begin jy dan deur die hekelpen in die 4e ks van die pen af te steek en 'n langbeen daarin te hekel, en nog 'n langbeen in die volgende twee steke. Dit voltooi die eerste blokkie.

Om met 'n spatie te begin hekel jy 5 ekstra kettingsteke wat die eerste langbeen plus 2 kettingsteke voorstel en 1 langbeen dan in die volgende steek wat die spatie voltooi.

FOTO. OP BL. 1

DIAGRAM 1



2. ROMANTIES EN PRAGTIG



AFKORTINGS: Hekel: ks — kettingsteek; kb — kortbeen; lb — langbeen; dsl — dubbelslagsteek; sp(s) — spatie(spasies); ls(e) — lus(lusse). **Breiwark:** r — brei regs; aw — aweregs; st(e) — steek(steke); rif — riffelsteek, soos in afsonderlike patrone uitgeengesit; ms — mossteek (r 1, aw 1, deurgaans en op vlg rye brei die r-st aw en die aw-st r).

1. BLOMVIERKANTE

BENODIGDHEDE: Ongeveer 1,5 kg Pingouin Golden Age 4-draad; d.w.s. 30 bolle van 50 g elk; hekelpen van 3,50 mm. Vir een vierkant is ongeveer 120 g nodig.

AANWYSINGS: Hekel 12 vierkante. Elke vierkant begin met 'n ketting van 142 steke en word verder van diagram af gehekel.

AFWERKING: Werk die vierkante aan mekaar om 'n deken van 3 x 4 vierkante te vorm. Hekel een ry kortbeen rondom deken.

2. ROMANTIES EN PRAGTIG

BENODIGDHEDE: 4 kg Pingouin Golden Age 4-draad; hekelpen van 3,50 mm; 1 paar breinaalde van 3,75 mm.

STEKE: Reksteek vir middel van deken. Netsteek vir omranding.

MIDDELSTUK: Met 3,75-mm-breinaalde en garing dubbel, stel 176 ste op en brei 1,26 m reksteek.

BLOMMENETRANDE (aan 3 kante rondom reksteek-middelstuk): Hekel 'n ketting van 545 ste en daarna 'n ry van 181 sps.

Raadpleeg diagram vir volgende 40 rye — ongeveer 40 cm.

Vanaf 41e ry tot einde moet die twee kante oor 40 sps gehekel word soos in diagram aangedui. Herhaal die motief tot werk 166 cm lank is vanaf begin — 126 cm aan kort kant.

Omdat dit weens tekort aan ruimte nie moontlik is om die hele diagram te plaas nie moet onthou word dat wanneer jy punt A-B in die groot diagram bereik het, met A-B in die kleiner diagram voortgegaan moet word.

KOPPENENTSTROOK: Hekel 'n ketting van 49 ks; 1 lb in 7e ks vanaf pen (= 1e sp). Hekel 22 spasies en werk voort op dié sps tot strook ongeveer 2,6 m lank is.

Dié strook word by die koppenent ingedruk.

NETFRIL (buitenste stroke): Begin by laaste 40 sps aan binneste lang rand van koppenentstrook en hekel oor dié 40 sps 'n strook van ongeveer 2,50 m lank.

Begin by die 40 sps aan ander kant van binneste lang rand van koppenentstrook en hekel oor dié 40 sps ook 'n strook van ongeveer 2,50 m lank.


Begin nou oor laaste 40 rye (spasies) aan binneste lang rand van netfril en hekel oor die 40 sps 'n strook wat lank genoeg is om oor voetenent tussen die twee frilstroke van 250 rye in te pas. Wanneer dié strook lank genoeg is, kan dit oor die laaste 40 sps van die eerste strook yasgehekel word, of met naald en garing vasgewerk word.


AFWERKING: Werk die middelstuk en blommerand aan mekaar vas, en werk daarna die fril in posisie vas. Ryg hier en daar effens in om volheid te verleen.

1. BLOMVIERKANTE

DIAGRAM 2

FOTO OP BL. 1






A

B

FOTO OP BL. 3


DIAGRAM 2

2.ROMANTIES EN PRAGTIG



3. GEBREI EN GEHEKEL

DIAGRAM OP BL. 5





3. GEBREI EN GEHEKEL

BENODIGDHEDE: 2,5 kg Pingouin Golden Age 4-draad; 1 paar breinaalde van 3,75 mm; hekelpen van 3 mm.

STEKE: Breiwerk: Mossteek. Hekelwerk: Netsteek volgens diagram.

MOSSTEEKVIERKANTE: Brei 36. Met garing dubbel, stel 46 ste op en brei 28 cm mossteek.


NETSTEEKVIERKANTE: Hekel 36. Met garing enkel, hekel 'n ketting van 70 ste plus 2 draai-ks en hekel dan netsteek volgens diagram.

AFWERKING: Werk die vierkante aan mekaar om 'n dambordeffek te verkry. Hekel daarna 'n rondte kortbeen rondom al vier die rande met garing enkel.

Selfs 'n beginner kan dié deken hekel, want mossteek is eenvoudig en die netpatroon is ook nie moeilik nie.

3.GEBREI EN GEHEKEL

DIAGRAM 3
FOTO OP BL. 6-7



4. BLOMME IN 'N VAAS.

DIAGRAM OP BL. 10






DIAGRAM 4

FOTO OP BL. 9

4. BLOMME IN 'N VAAS

BENODIGDHEDE: Ongeveer 4 kg Twilley's-handwerkkatoen Nr. 1; hekelpen van 4,50 mm.

STEKE: Slegs nethekelwerk word vir dié deken gebruik.

MIDDELSTUK: Hekel 'n ketting van 207 ste en hekel voort in nethekelwerk volgens diagram. Die deken word vanaf die voetentent na die koppenent gehekel.

OMRANDING: 1e ry: Heg garing aan een hoek van middelstuk vas en hekel 'n ry langbene rondom; 1 lb in elke lb en 2 lb in elke syrand van langbeenrandjies.

2e ry: Deurgaans lb.

3e ry: * 1 lb, 2 ks*, hekel voort deur een ry gaatjies af te wissel met twee rye lb tot verlangde lengte bereik is. In die hoeke word 1 lb, 1 ks, 1 lb in dieselfde st van vorige ry gehekel.

5. NET- EN RIFSTROKE

BENODIGDHEDE: Ongeveer 4 kg Twilley's-handwerkkatoen Nr. 1; 1 paar breinaalde van 5 mm; hekelpen van 4,50 mm.

STEKE: Nethekelwerk en riffelsteek.

RIFSTROKE: Met 5-mm-breinaalde stel 35 ste op en brei riffelsteek, r 2, aw 1 deurgaans. Verkeerdekant-rye word steke gebrei soos hulle voorkom.

Brei 4 stroke van 2,16 m.

NETSTROKE: Hekel 'n ketting van 96 ste en hekel hierop voort in nethekelwerk volgens diagram tot strook 2,16 m lank is.

Hekel 3 stroke.

AFWERKING: Werk die stroke aanmekaar en wissel 'n gebreide en 'n gehekelde strook af. Gebruik dieselfde garing wat vir deken gebruik is om stroke vas te werk.

Die buitenste rifstroke kan weggelaat word indien 'n smaller deken verlang word.




DIAGRAM 5

FOTO OP BL. 12

5.NET- EN RIFSTROKE

DIAGRAM OP BL. 11

